# DIE SKIETLOOD

197e Uitgawe 10 Desember 2021

saam met Koersvas 197


**Die Dordtse Leerreëls**

**Tweede hoof leerstuk; Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur Sy dood.**

**Teenargumente**

**Teks** *6. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat die onderskeid tussen verwerping en toe-eiening misbruik om by die onversigtiges en onervarenes die denkbeeld in te prent: Dat God, vir sover dit Hom betref, aan alle mense die weldade, wat deur die dood van Christus verkry word, in gelyke mate wou meedeel. Dat sommige die vergifnis van sondes en die ewige lewe deelagtig word en ander nie, hang van hulle vrye wil af wat hom aanpas by die genade wat sonder onderskeid aangebied word. Dit hang nie van die besondere gawe van die barmhartigheid af wat kragdadig in hulle werk, dat hulle, anders as ander mense, dié genade vir hulleself sou toe-eien nie.*

*Die Sinode leer: Daardie mense wat voorgee dat hulle hierdie onderskeiding reg voorstel probeer om die volk met die verderflike Pelagiaanse dwalings te vergiftig. Qui impetrationis et applicationis distinctionem usurpant, ut incautis et imperitis hanc opinionem instillent: Deum, quantum ad se attinet, omnibus hominibus ex æquo ea beneficia voluisse conferre, quæ per mortem Christi acquiruntur; quod autem quidam præ aliis participes fiant remissionis peccatorum, et vitæ æternæ, discrimen illud pendere ex libero eorum 564arbitrio, se ad gratiam indifferenter oblatam applicante, non autem ex singulari misericordiæ dono, efficaciter in illis operante, ut præ aliis gratiam illam sibi applicent. Nam isti, dum simulant se distinctionem hanc sano sensu proponere, populo perniciosum Pelagianismi venenum conantur propinare.*

**Verklarende kommentaar**

In die teologiese dissipline is taalgebruik belangrik. Daarmee saam moet die teoloog die regte terminologie gebruik om enige saak na behore te omskryf. Dit is meermale so dat die ketters en die mense wat dwaal teologiese terme buite konteks gebruik of misverstaan - opsetlik of in dwaasheid. Elke keer wat terme in verkeerde konteks -, of verkeerd gebruik word, kan dwaling mense in die war bring. Sommige teenstellings is gewoon onmoontlik om te handhaaf. Dit gebeur ook dat valse teenstellings daargestel en gehandhaaf word om mense in die war te bring.

In hierdie beswaar teen die Remonstrante word juis die verkeerde taalgebruik uitgewys. Dit gaan op verskillende vlakke om die verkeerde taalgebruik wat lei tot verwarring; nie net 'n valse teenstelling wat gestel word nie, maar ook die verkeerde konteks waarbinne dit gebruik word om Pelagianisme aan te wakker.

Pelagianisme, ook bekend as die dwaling van Pelagius, is 'n kettery wat in die vyfde eeu na Christus deur Pelagius voorgehou is. Pelagius het die kern-goedheid van die menslike natuur beklemtoon en daarmee saam dan die absolute vrye wil van die mens voorgestaan.

Die twee terme ter sprake is

- "*impetrationis*" - al vertaal met verwerping, verkry, *'suing,(nie in die regsterme nie, maar* soos in die sin; die rebelle moes formeel pleit vir vrede, appelleer, vra, smeek), verdien en

- "*applicationis*" - vertaal met toe-eiening, toepassing.

Die eerste fout om te maak is om hierdie twee terme onproblematies teenoor mekaar te stel binne dieselfde konteks. Die twee terme is nie antonieme nie. Hulle staan nie in kontras met mekaar nie; die konteks waarbinne hulle gebruik word, sal mede-bepalend wees vir hulle betekenis. Die Latyn teks van Dordt maak 'n eie-konteks vertaling moeilik en ons moet eerder uit die verklaring wat volg kom by 'n verstaan van die betekenisveld (wat bedoel word).

Dit is duidelik dat die terminologie gebruik word om oningeligde mense te verwar. Deur verkeerde gebruik van terminologie word die Pelagianisme (in hierdie geval) bevorder.

Die Remonstrante het mense probeer oortuig dat God Jesus se soenverdienste gelykmatig aan alle mense wou uitdeel. Die argument loop daarop uit dat die genade van God 'n vrug aan die boom van die lewe is wat vir alle mense ewe toeganklik is. Dit objektiveer God se genade deur Christus se soenverdienste en maak dit in werklikheid 'n verbruikers produk. Deur met valse terminologie te speel wou die Remonstrante die indruk skep dat die uiteindelike toedeling van genade in die hande val van die mense wat hierdie genade toe-eien. Deur met woorde te speel word die indruk geskep dat die mens met sy vrye wil homself kan aanpas en laat inpas by die genade wat sonder onderskeid aangebied word. In die proses van met woorde speel, word dit duidelik dat die barmhartigheid van God, gestel word teenoor die vrye wil van die mens.

Ironies genoeg kan 'n saak daarvoor uitgemaak word dat die twee terme wat gebruik word, in sekere kontekste in dieselfde betekenisveld kan lê, in die besonder wanneer dit met 'n kernsaak soos barmhartigheid gekontrasteer word.

**Teks 7**. *Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Christus kon en moes nie vir hulle gesterf het vir wie God volkome liefgehad en tot die ewige lewe uitverkies het nie. Inderdaad het Hy ook nie vir hulle gesterf nie, omdat hulle die dood van Christus nie nodig gehad het nie. Die Sinode leer: Hulle weerspreek die apostel wat sê: Christus het my liefgehad en het Homself vir my oorgegee (Gal 2:20).*

*Met dieselfde strekking sê hy: Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie kan ons veroordeel? Christus is dit wat gesterf het (Romeine 8:33,34), juis vir hulle.*

*Hulle weerspreek ook die Heiland wat sê: Ek lê my lewe af vir die skape (Johannes 10:15); Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee (Johannes 15:12,I3). Qui docent, 'CHRISTUM, pro iis, quos Deus summe dilexit, et ad vitam æternam elegit, mori nec potuisse, nec debuisse, nec mortuum esse, cum talibus morte CHRISTI non sit opus.' Contradicunt enim Apostolo dicenti: Christus dilexit me, et tradidit seipsum pro me. Galat. ii. 20. Item, Quis est, qui crimina intentet adversus electos DEI? DEUS est is, qui justificat. Quis est qui condemnet? CHRISTUS est, qui mortuus est. Rom. viii. 33, 34: nimirum, pro illis. Et Salvatori asseveranti, Ego pono animam meam pro ovibus meis, Johan. x. 15. Et, Hoc est præceptum meum, ut diligatis alii alios, sicut ego dilexi vos. Majorem dilectionem nemo habet, quam ut ponat animam suam pro amicis. Johan. xv. 12, 13.*

**Verklarende kommentaar**

Hierdie dwaling van die Remonstrante gee op verskillende vlakke aanstoot. Volgens hulle het mense wat deur God in liefde uitverkies is, nie die dood van Christus nodig nie. God se liefde is per implikasie genoeg om hierdie mense in die saligheid te laat opeindig. Dit beteken verder dat daar mense is wat anders as deur die kruis tot die saligheid kom. Dit beteken nog verder dat daar witbroodjies is vir wie God so lief het dat hulle nie eens die Middelaar nodig het nie.

Die ergste kettery wat in hierdie gedagte opgesluit lê, is dat dit God se liefde verwyder van Sy genade. Dit ignoreer tekste soos Johannes 3:16 en vele ander waar God se liefde en Jesus se koms regstreeks aan mekaar gekoppel word. Jesus het juis gekom omdat Hy die wêreld so liefgehad het. Die uitverkiesing is nie 'n saak wat los van God se liefde benader kan word nie.

Die teksgedeeltes soos aangehaal in die teks van die Dordtse leerreëls is maar net 'n klein uittreksel uit die skare Skriftelike getuienis wat gebied kan word om duidelik aan te dui dat die koms van Christus en die uitverkiesing binne die ruimte van God se liefde geskied het.